

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 20: Tetzaveh (תצוה): Gee Opdrag

Jy moet die kinders van Yisra'el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend 'n brandende lamp te hê. Ex. 27:20 – PWL¹

Torah: Exodus 27:20 tot 30:10.

Haftorah: Eseg. 43:10 en 11.

Nuwe Verbond: Joh. 1:29; Rom. 12:1; 1 Kor. 15:31; Heb. 5:1 tot 10; 7:26 en 27; Heb 12:14; Heb. 13:10 tot 17; 1 Pet. 1:15, 16 en 19; Open. 5:8 tot 10; Open. 8:3 en 4.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 20 wat afgelaai kan word by: [Parashah20Notas14](#) en [Parashah20Notas15](#) en [Parashah20Notas16](#).

He [Yeshua] has a right to interrupt your life. He is Lord. When you accepted Him as Lord, you gave Him the right to help Himself to your life anytime He wants. – Henry Blackaby

While many try to ignore Yeshua, when He returns in power and might, this will be impossible. – Michael Youssef.

If you don't see the greatness of God then all the things that money can buy become very exciting. If you can't see the sun you will be impressed with a street light. If you've never felt thunder and lightning you'll be impressed with fireworks. And if you turn your back on the greatness and majesty of God you'll fall in love with a world of shadows and short-lived pleasures. – John Piper.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

A man can no more diminish God's glory by refusing to worship Him than a lunatic can put out the sun by scribbling 'darkness' on the wall of his cell. – C.S. Lewis

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahstudie het YHVH begin om die instruksies vir die bou van 'n tabernakel aan Moses te gee. Die eerste instruksie was aan die volk gerig:

2“Praat met die seuns van Yisra'el dat hulle aan My 'n bydrae moet bring; vanaf elkeen wat met 'n gewillige hart gee, moet julle My offer ontvang. 3Dit is die bydrae wat julle van hulle af moet vat: goud, silwer en koper; 4blou, pers en bloedrooi stowwe, wit geweefde linne en bokhaar; 5rooigekleurde ramsvelle, dugongvulle en akasiahout; 6olie vir beligting, speserye vir die salfolie en vir die aromatiere reukwerk; 7oniksstene en stene om in te lê vir die skouerstuk en die borsplaat. 8 Hulle moet ook vir My 'n afgesonderde plek maak sodat Ek tussen hulle kan bly. 9 Volgens alles wat Ek jou gaan wys; die bloudrukplan van die tabernakel en die bloudrukplan van alles wat daarby hoort; presies so moet julle dit maak.
Ex. 25:2 tot 9.

Die hele volk was dus betrokke by die bou van die tabernakel, al was dit net deur 'n vrywillige skenking van goud, silwer, brons en ander kosbaarhede wat gebruik kon word. Maar YHVH het sekere vakmanne toegerus om die bouwerk te behartig en alles te maak volgens God se voorskrifte.

Die Tabernakel: 'n Rigtingwyser

Die tabernakel, en later die tempel, was die middelpunt van die daaglikse lewe van Israel onder die ou verbond. Tydens die 40 jaar van swerf in die woestyn was die tabernakel by elke kampeerplek in die middel opgerig met die twaalf stamme van Israel in 'n bepaalde volgorde rondom die tabernakel.

Die tabernakel was 'n sinnebeeld (skadubeeld, afbeelding, heenwysing) van 'n groter waarheid wat sou kom. Dit het as Rigtingwyser na Yeshua die Messias gedien. Daarom is kennis van die ware betekenis en doel van die aardse tabernakel 'n sleutel tot 'n beter insig van die ou verbond en open dit ook die deur tot die geestelike waarhede in die nuwe verbond.

Vir Israel van die ou verbond was die tabernakel, en later die tempel, met die Levitiese priesterorde en offerandes die weg vir vergifnis van sondes en versoening met God. Maar ook in die verband is dit belangrik om te onthou dat die tabernakel met sy priesterorde en offerandes deel was van die Torah (wet) van Moses en dus gedien het as tugmeester tot Yeshua sou kom (Gal. 3:24 en 25). Dit was dus tydelik in YHVH se Raadsplan, want 'n tugmeester se taak is 'n beskermer en 'n leermeester ('n onderwyser) van die erfgenaam (Israel).

Daarom verduidelik Paulus dit in Gal. 4:4 tot 7 soos volg:

4 maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God Sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en onderworpe aan die geskrewe wet, 5 om die wat onder die geskrewe wet was, los te koop sodat ons die aanvaarding as kinders kon ontvang, 6 maar omdat julle kinders is, het

God die Gees van Sy Seun in julle verstand, wil en emosie gestuur, wat uitroep tot die Vader: "Ons Vader!"⁷ Julle is daarom nie slawe nie, maar kinders en as julle kinders is, dan ook erfgename van God deur Yeshua, Die Gesalfde Een.

Die tabernakel was daarom 'n rigtingwyser na, en 'n afbeelding van Yeshua Messias as persoon en van Sy bediening. Elke stukkie detail in die tabernakel het heengewys na een of ander aspek van Yeshua!

Maar die tabernakel was ook 'n sinnbeeld van die gelowige in Yeshua Messias van die nuwe verbond. Dit het heengewys na Yeshua wat onder ons sou kom tabernakel (woon).

Die Boodskap het Vlees geword en het onder ons gebly en ons het Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gesien, 'n Gemanifesteerde Teenwoordigheid soos van die Enigste Uniekggeborene wat vanaf die Vader kom; Hy wat vol van onverdiende guns en waarheid is.
Joh. 1:14.

So ook was die tabernakel 'n heenwysing na elkeen wat 'n tempel van God sou word deur vertrou in Yeshua (1 Kor. 3:16 en 1 Kor. 6:19).

Laastens het die tabernakel 'n profetiese betekenis gehad deurdat dit 'n volmaakte heenwysing na, en afbeelding van God se verlossingsplan was. Dit was 'n rigtingwyser na die volmaakte weg van verlossing wat God deur Yeshua Messias daar gestel het.

Hierdie verlossingsplan bestaan uit sewe stappe, naamlik:

Die Brandofferaltaar

As sondaar moet elkeen die binnehof ingaan deur die deur (gordyn) en by die brandofferaltaar sondebelydenis doen. Hierdie altaar simboliseer die folterpaal waaraan Yeshua as die Lam van God gespyker was om vir ons sondes te sterwe – die skuldbrief te vereffen (Kol. 2:14).

Dit is die plek waar elkeen geregverdig verklaar word op grond van vertrou in die verlossingswerk van Yeshua aan die folterpaal. (Rom. 10:9 en 10; 1 Joh. 1:9).

want Hy wat geen sonde geken het nie, het Homself in jou plek 'n sondoffer gemaak sodat ons deur Hom, die onpartydige opregtheid van God kan word. 2 Kor. 5:21.

Tydens wedergeboorte word elkeen deur die Afgesonderde Gees as God se eiendom verseël (Ef. 1:13 en 4:30)

Tydens die eerste Pesag in Egipte het Israel die lam geslag en die bloed aan die deurkosyne van hulle huise gesmeer en daardie aand – aan die begin van die fees van Ongesuurde Brood – die lam en ongesuurde brood geëet. Hierdie is 'n sinnebeeld van die gelowige in Yeshua wat steeds deel moet hê aan die liggaam en die bloed van Yeshua soos dit vir ons verduidelik word in Joh. 6:35 tot 58, veral verse 53 tot 56:

⁵³Yeshua sê vir hulle: "Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: as julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. ⁵⁴Wie ook al van My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal hom laat opstaan in die laaste dag, ⁵⁵want My liggaam is ware kos en My bloed is ware drank. ⁵⁶Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom.

Na vergifnis van sonde met wedergeboorte moet ons alle sonde uit ons lewe verwyder en oorwinning oor sonde kry. Ons moet onself as dood vir die sonde beskou, maar lewend vir YHVH-God (Rom. 6:11).

To the degree one eliminates sin from one's life is the degree one has communion with our Father in heaven. Therefore, the Altar of Sacrifice in the Tabernacle is a picture of the Passover meal and the first high Sabbath of the Feast of Unleavened Bread. (Ya'acov Natan Lawrence).

Die Koperwaskom

Direk agter die brandofferaltaar in die binnehof was die koperwaskom waar die priesters hulle daaglik moes was (ritueel reinig) voor hulle enige dienswerk kon verrig. Hierdie is, eerstens, 'n sinnebeeld van die waterdoop (wassing, reiniging) tot sondevergifnis, en tweedens van die daaglikse wassing deur die Woord van YHVH (Efes. 5:26). Dit stem ook ooreen met Israel se deurtog deur die Rooisee

¹My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, ²almal deur Moshe ingedoopt is in die wolk en in die see, ³almal dieselfde geestelike kos geëet het ⁴en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was⁴ en die Rots was Die Gesalfde Een. 1 Kor. 10:1 tot 4

Die koperwaskom was gemaak “uit die speels van die diensdoende vroue wat by die ingang van die tent van samekoms gedien het” (Ex. 38:8 – Die speëls in daardie tyd was gemaak van gepoleerde metaal). Die koperwaskom is dus 'n sinnebeeld van YHVH se spieël, naamlik Sy Woord, en wanneer ons dus in ‘God se spieël’ kyk word ons, deur die werking van die Gees, van die verskillende sondes in ons lewe bewus en dan kan God se Woord ons nou reinig. Op die wyse word ons deur God se woord “gewas” sodat ons geskik kan wees om as 'n koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisédék dienswerk in YHVH se koninkryk te kan verrig. Dit is heiligmaking!

Na die brandofferaltaar en die koperwaskom was die priesters gereed om die Heiligdom van die tabernakel binne te gaan sonder om te sterf!

Die Goue Kandelaar

Die goue kandelaar (Hebreeus: menorah) is 'n sinnebeeld van Yeshua en van die Afgesonderde Gees! Yeshua is die Lig van die wêreld.

Yeshua het weer met hulle gepraat en gesê: “אֲנִי אֵלֹהִים - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Lig van die wêreld; wie My ook al volg, sal nie in die duisternis loop nie, maar sal die Lig van die lewe vind” Joh. 8:12.

Hierdie lig as die Afgesonderde Gees vul elkeen wat geregverdig en gewas is om 'n lig in hierdie wêreld te wees en vrug van die Gees te dra – die sigbaarheid van die goeie dinge wat ons doen!

¹⁴Julle is lig vir die wêreld. 'n Dorp wat bo-op 'n berg gebou is, kan jy nie wegsteek nie. ¹⁵Hulle steek nie 'n lamp op en sit dit onder 'n mandjie nie, maar op 'n staander sodat dit vir almal wat in die huis is, lig gee. ¹⁶Laat julle lig op dieselfde manier skyn voor mense sodat hulle die goeie dinge wat julle doen, kan sien en julle Vader wat in die hemel is eer, lof en aanbidding bring. Joh. 5:14 tot 16.

Die goue kandelaar is ook 'n sinnebeeld van vulling met die Afgesonderde Gees – vulling met die Trooster (die Bevryder en Lewegewer) en die Gees van Waarheid (Joh. 15:26) wat tot ewigheid by ons sal bly (Joh. 14:16 en 17) en ons alles sal leer en ons aan alles sal herinner wat Yeshua ons geleer het (Joh. 14:26).

Tafel met die Toonbrode

Yeshua is die Lewende Brood wat uit die hemel neergedaal het. Elkeen word genooi om van hierdie brood te eet en vir ewig te lewe (Joh. 6:51). Ons heiligmaking en die behoud van ons redding is om daagliks van hierdie Brood – Yeshua en die Woord – te eet en nie te eet van die brood wat die wêreld ons bied nie!

אֲנִי אֲנִי - Ek is, was, sal wees Wie Ek is, was, sal wees, die Lewende Brood, wat vanuit die hemel afgekom het. As iemand van hierdie Brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. Die Brood wat Ek sal gee, is My liggaam, wat Ek ter wille van die lewe van die wêreld, sal gee.”

Die tafel van die toonbrode was 'n heenwysing van hierdie belofte dat ons nooit geestelik en fisies honger sal wees nie en die belofte van 'n ewige lewe saam met YHVH Yeshua!

Die toonbrode het vir sewe dae voor die aangesig van YHVH op die tafel gelê. Daarna het Aäron en die priesters die brood, saam met 'n drankoffer, in die Heiligste geëet (Lev. 24:9) en is vars brood weer op die tafel geplaas.

Die etenstafel is bedoel om die plek te wees van vreugde en waar die gesin saam kuier om hulle kameraadskap en broederskap te bevestig – die plek van gemeenskap waar gemeenskaplike belange gedeel word. Dit is die plek waar ons gevoed en versadig word. Die hoof van die huis eet van dieselfde voedsel as wat die res van die gesin eet.

Ons Hemelse Vader het vir ons 'n tafel voorberei (Ps. 23:5). Hy is die hoof van daardie tafel. Hy het die geestelike voedsel voorsien (Hy plaas die “kos” op die tafel). Hierdie voedsel versadig die gees en siel van die mens en voed sy liggaam, want hierdie voedsel is die Brood van die Lewe en is Yeshua (Joh. 6:32, 33 en 48). Wie van hierdie brood eet, sal nooit weer honger word nie (Joh. 6:35). In hierdie Brood van die Lewe het God die Vader 'n welbehag (Matt. 3:17).

Laastens is die tafel met toonbrode ook 'n sinnebeeld van die ware Israel wat saam sal eet van die Brood van die Lewe, naamlik van Yeshua as YHVH se Gesalfde.

Die Reukofferaltaar

Die altaar om reukwerk te brand (Ex. 30:1) is 'n sinnebeeld van Yeshua Messias as ons Voorspraak by die Vader (1 Joh. 2:1 en 2). Voorspraak beteken ook dat Yeshua ons Middelaar is, naamlik die Een wat as tussenganger namens ons optree (Heb. 8:6).

Maar dan is die reukaltaar ook 'n sinnebeeld van die afgesonderdes se gebede, lofprijsing en aanbidding. Dit is die reukwerk van speserye wat op die kole van die altaar geplaas word as 'n aangename geur voor die Teenwoordigheid van YHVH.

Die reukaltaar en die brandofferaltaar het een ding in gemeen gehad, naamlik die vuur wat op beide gebrand het, was dieselfde vuur. Hierdie vuur is tydens die eerste offer op die brandofferaltaar deur YHVH aan die brand gestee (Lev. 9:24). Die Vader het opdrag gegee dat hierdie vuur altyd brandend moet bly (Lev. 6:13). Hierdie vuur op die reukaltaar en

brandofferaltaar was dus YHVH se vuur en is 'n afbeelding van God se oordeel van sonde, maar ook 'n afbeelding van versoening tussen God en die mens.

Geen vreemde vuur of reukwerk mag voor YHVH gebring gewees het nie (Eks. 30:9). Hierdie vuur is God se vuur en geen mensgemaakte vuur (vreemde vuur) mag gebruik gewees het nie, want daar is geen ander wyse om sonde te oordeel en te straf en om versoening te bewerkstellig nie.

YHVH se vuur wat ons sondes, wat Yeshua op Hom geneem het, verteer het, is dieselfde vuur waarop God se wierrook gebrand word. Sonder die vuur van die brandofferaltaar kan daar geen vuur wees om die reukwerk van speserye te brand nie. Dit beteken dat sonder die dood van Yeshua vir ons sondes kan daar geen voorspraak by die Vader wees nie. Yeshua moes eers versoening tussen YHVH en die mens bewerkstellig het, alvorens Hy as ons Voorspraak by die Vader kon optree. Net soos daar voortdurend reukwerk voor die aangesig van YHVH gebrand moes word, net so is Yeshua voortdurend vir ons 'n Voorspraak by die Vader (Heb. 8:6).

Ons gebede, lofprysing en aanbidding wat in Yeshua aan YHVH gebring word, is reukwerk van speserye wat op God se vuur gebrand word. YHVH aanvaar hierdie reukoffer slegs op grond van die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal. Daar is geen ander wyse om tot YHVH te nader nie, as op grond van die versoening deur die bloed van Yeshua, die Lam van God, wat vir ons geoffer is. Enige ander wyse van nadering tot YHVH is vreemde reukoffers en vreemde vuur. Elkeen wat soos Nadab en Abihu vreemde vuur voor YHVH bring sal geestelik sterf!

Almal wat deur vertrouwe en gehoorsaamheid hierdie pad van verlossing en geregtigheid gestap het mag in die Allerheiligste ingaan.

Die Verbondsark

Om die Allerheiligste in te gaan is om in YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid te staan. Slegs die persoon wat geregverdig en gereinig is kan dit waag om so naby aan God te kom. Hoewel elkeen tot YHVH nader met 'n verlange en verwagting, moet dit ook geskied met heilige ontsag en verootmoediging – met 'n besef van die feit en betekenis dat heilige grond betree word.

Die verbondsark met versoendeksel was die enigste meublement in die Allerheiligste. Geen natuurlike lig het die Allerheiligste verlig nie. Die enigste lig was afkomstig van die Gemanifisteerde Teenwoordigheid van YHVH wat vanaf die versoendeksel tussen die twee gerubs uitgegaan het.

In die teenwoordigheid van YHVH sal die gelowige ware en totale geestelike bevrediging ervaar. In YHVH se teenwoordigheid sal Sy Gemanifisteerde Teenwoordigheid so groot wees dat eie behoeftes, hartseer en probleme van geen belang sal wees nie. Dit is die plek van ware shalom, naamlik vrede, voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid.

Indien ons tot YHVH nader om Hom te ken vir wie Hy is, en nie vir wat Hy vir ons kan doen nie, sal Hy ons seën en in al ons behoeftes voorsien. Soek die Vaderhart met 'n Habakuk gesindheid (Hab. 3:17 en 18). Dit is ware liefde!!

Onthou: Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug

ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet!!

Soek eers die Vaderhart en Sy hand sal dan in beweging kom om in al jou behoeftes te voorsien!

Opsommend

Die geestelike waarhede wat afgebeeld word in die tabernakel is maar net nog `n bewys dat in die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en in die nuwe verbond word die ou verbond openbaar gemaak. Die aardse tabernakel was slegs `n afbeelding van `n groter heerlikheid wat aan die kom was (Heb. 8:1 en 2). Dit was `n rigtingwyser na Yeshua Messias!

Die aardse tabernakel was `n mensgemaakte heiligdom volgens YHVH se plan – `n heiligdom waar God in die midde van sy volk kon woon (Eks. 25:8) en hulle kon ontmoet en die volk vir God kon ontmoet. YHVH het egter `n belangriker plan met die tabernakel gehad, naamlik: Dit was slegs `n afbeelding van die toekomstige versoening tussen YHVH en die mens. Die tabernakel met die gepaardgaande priesterorde en offerhandes, is deur God ingestel sodat die mense die beloofde Verlosser sou kon herken en die betekenis van Sy aardse sending sou kon verstaan. Vir sowat 1500 jaar het YHVH op `n duidelike wyse met Sy volk gepraat aangaande die Messias wat sou kom en onder mense sou kom “tabernakel” (woon).

Die tabernakel was slegs `n skadubeeld van `n groter heerlikheid wat aan die kom was. `n Afbeelding van die hemelse volmaaktheid en van die ware tabernakel wat YHVH opgerig het en nie mense nie (Heb. 8:2)

Bepeins of Bespreek

1. Selfs die geestelike leiers van Israel, insluitend die hoëpriester, het nie Yeshua Messias herken as die Lam van God wat die beloofde eenmalige offer vir al die sondes sou wees nie (Joh. 1:29). Dit ten spyte daarvan dat Yeshua by herhaling die mense aangemoedig het om die Skrifte te bestudeer en sodoende die ooreenkoms tussen dit wat geskrywe is en wat Hy besig was om te doen, te sien. Verwys Joh. 5:39 en 46.
2. Indien die geestelike leiers van Israel hulle sou beperk het tot `n studie van die Skrifte, sonder die beïnvloeding van mensgemaakte tradisies en wette, en sonder geestelike hoogmoed, sou hulle Yeshua onmiddelik as die Messias herken het. Tradisie en hoogmoed het hulle egter verblind tot so `n mate dat hulle nie die waarheid kon sien nie. Hierdie dien as waarskuwing vir elkeen – veral vir diegene wat Rabbynse Judaïsme aanhang as leermeester. `n Gesindheid van totale nederigheid is `n vereiste, terwyl mensgemaakte sienswyses en reëls met groot omsigtigheid hanteer moet word. Die Afgesonderde Gees moet te alle tye die leer- en tugmeester wees.

-0-0-0-0-0-0-0-

Beplande Biddag vir Suid Afrika.

Angus Buchan sê in sy ‘terugvoer video-boodskap’ (wat beskikbaar is by die volgende skakel: <https://www.youtube.com/watch?v=cQ1G-adwPLc>) dat “we are tired of people taking the law into their own hands” en daarom reël hy ‘n biddag vir 22 April in die Bloemfontein omgewing waar na verwagting sowat 1 miljoen mense byeen sal kom! **MAAR** as gesiene en

erkende geestelike leier het hy God se wet in sy eie hande geneem, want hy weier om die shabbat te gedenk en dit te heilig!!!! Hoe ver wag hy dat YHVH-God sy gebede, en ons volk se gebede, moet verhoor?

Hy wat sy oor toedruk om nie na die wet te luister en dit te doen nie, selfs sy gebed is 'n verwerplikeid. Spr. 28:9

Dan haal hy ook 2 Kron. 7:14 aan:

as My volk, wat in My Naam (Karakter en Outoriteit) geroep is, hulleself verneder (vas), bid, My Teenwoordigheid soek en wegdraai van hul verkeerde lewenswyses, dan sal Ek vanuit die hemel hoor, hulle sondes vergewe en hulle land genees.

Hy en derduisende Afrikaners moet eerstens wegdraai van hulle verkeerde lewenswyses waar hulle weier om die shabbat te gedenk en te heilig en dan, tweedens, die teenwoordigheid van YHVH-God soek. Die Afrikanervolk het berou oor die gevolge van hulle sonde, maar nog nie berou oor die oorsaak van hulle sonde nie!!!

Die Apostel Jakobus sê baie duidelik dat ons eerstens onself aan God moet onderwerp en dan die werke van Satan weerstaan (Jak. 4:7). Eers onderwerp deur al tien die gebooe te onderhou!! Dan sal God vanuit die hemel hoor, ons sondes vergewe en ons land genees.

Ons Afrikanervolk het sedert April 1652 die geleentheid gehad om YHVH se Torah – beginnende by die tien gebooe – te gehoorsaam en om van hierdie land 'n “tabernakel” te maak waar YHVH in ons midde kon woon. Het ons geslaag? Het dit nie tyd geword om te erken dat die Christendom in hierdie land en in hierdie opsig misluk het nie? Dit is tyd vir ernstige selfondersoek en tyd om op te hou kla en die vinger na ander te wys! Lees die artikel van Mahdoks Walter in die verband en wat handel oor YHVH se oordeel van ons land en volk. Dié artikel kan afgelaai word deur op hierdie skakel te kliek: [Horende Doof en Siende Blind](#). In hierdie artikel praat Mahdoks padlangs en baie sal dit as ‘onsmaaklik’ bestempel, maar dit het tyd geword dat ons die waarheid in die gesig moet staar. Lees ook gerus die aangehegte artikel van Johann Möller oor wat verhoed dat ons hemel op aarde het. Miskien sal die antwoord op hierdie vrae vir baie Christene onverwags wees en beslis nie wat hulle wil hoor nie!

Soos Israel is Suid Afrika ook onder YHVH se oordeel! Israel verwerp Yeshua en Suid Afrika verwerp YHVH se tien gebooe!

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.